



Lêerno: 18/2/R
Verwysing: 20240111-748

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0003/2024

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en vaardigheidsskole

Onderwerp: Bywerking van leerders se besonderhede op die leerdervoerskema- (LVS-) databasis op SOBIS

1. Die name en optelpunte van leerders in skole wat gemagtig is om gebruik te maak van LVS-roetes wat deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) befonds word, word deurlopend op die LVS-databasis op SOBIS vasgelê.
2. Wanneer leerders goedgekeur en gemagtig word om van leerdervoer gebruik te maak, word hul name en optelpunte deur die verantwoordelike amptenare by Hoofkantoor op die LVS-databasis op SOBIS vasgelê. Dit is noodsaaklik dat skole aansoek doen vir nuwe leerders wat van LVS-roetes gebruik maak om te verseker dat sodanige leerders goedgekeur en hul besonderhede op SOBIS vasgelê word.
3. Die WKOD is tans besig met 'n proses om die korrektheid van die besonderhede en optelpunte van leerders wat gemagtig is om leerdervoer op 'n spesifieke LVS-roete na die skool te gebruik, te verifieer en te bevestig.
4. Alle openbare skole met leerdervoer wat deur die WKOD befonds word, moet die name van leerders wat tans gebruik maak van die leerdervoer wat deur die WKOD befonds word, vergelyk met die name van leerders wat op die LVS-databasis op SOBIS vasgelê is.
5. Wanneer die leerderbesonderhede op SOBIS besigtig en geverifieer word, kan die volgende teenstrydighede voorkom:
 - Leerders wat tans van leerdervoer gebruik maak, maar wie se name nie op die LVS-databasis op SOBIS aangedui word nie; of
 - Leerders wat nie meer van leerdervoer gebruik maak nie, maar wie se name steeds op die LVS-databasis op SOBIS aangedui word.

6. Om toegang tot die leerders se inligting vir elke roete op SOBIS te verkry en dit te besigtig, moet die volgende prosedure gevolg word:
 - Verkry toegang tot SOBIS.
 - Op die kieslys, hou die wyser oor die "Administration"-opskrif. Die "Learner Transport"-opsie sal op die aftreklys verskyn.
 - Beweeg die wyser oor die "Learner Transport"-opsie en die "Approved Routes"-opsie sal op die aftreklys verskyn.
 - Klik op "Approved Routes".
 - Klik op "Learner Transport Details".
 - Kies die gepaste roetenommer.
 - 'n Lys sal verskyn wat die gemagtigde leerders op die gekose roete aandui.
7. Bevestig asseblief of die leerderbesonderhede op die LVS-databasis op SOBIS korrek is al dan nie.
8. Indien die besonderhede van leerders en hul optelpunte op SOBIS bygewerk moet word, voltooi asseblief die aangehegte bylae om die volgende aan te dui:
 - die name, vanne, grade, SOBIS-identifikasienommers en gemagtigde optelpunte van leerders wat tans van die LVS gebruik maak, maar wie se name nog nie op die LVS-databasis op SOBIS verskyn nie; of
 - die name, vanne, grade, SOBIS-identifikasienommers, en gemagtigde optelpunte van leerders wat nie meer van die LVS gebruik maak nie.
9. Skole moet seker maak dat **slegs leerders wie se besonderhede NIE op SOBIS verskyn nie, maar wel die roete gebruik, in deel A van die bylae gelys word. Skole moet nie 'n lys van alle leerders wat die roete gebruik indien nie, aangesien dit baie tydrowend is om elke leerder se besonderhede te verifieer, net om agter te kom dat sommige of die meeste van die leerders se besonderhede reeds op SOBIS verskyn.**
10. U word versoek om die tersaaklike en volledig ingevulde dokument(e) te skandeer en dit teen **15 Maart 2024** by WCEDLTS@westerncape.gov.za in te dien. Indien u hulp nodig het om toegang tot SOBIS te verkry, kan u met mnr. Griffet Fransman by tel. 021 467 2247 in aanraking kom.
11. Ná ontvangs van die bogenoemde dokument(e), sal die besonderhede van die leerders wat nie meer van die LVS gebruik maak nie, uit die LVS-databasis op SOBIS verwyder word en die besonderhede van leerders wat in aanmerking kom, sal op SOBIS bygewerk word.
12. U ondersteuning in hierdie saak word waardeer.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2024-02-19